

## UITVOERING

### DEUR WIE WORD DIT UITGEVOER

#### **Bestuurskomitee**

- Word verkies en aangestel deur die geregistreerde lede van die Monte Christo Huiseienaarsvereniging (MCELHEV) tydens die Algemene Jaarlikse Vergadering
- Is aanspreeklik vir die uitvoering van opdragte soos deur die Konstitusie bepaal
- Tree in 'n **toesighoudende hoedanigheid** op vir alle bestuursaktiwiteite
- Is **aanspreeklik** vir al die bestuursbesluite van die MCELHEV
- Die Voorsitter het 'n lyn-verantwoordelikheid teenoor die Landgoedbestuurder
- Twee Sub-komitees, nl Estetiese en Finansies

#### **Landgoedbestuurder**

- Word deur die Bestuurskomitee aangestel
- Rapporteer direk aan die Voorsitter
- Is verantwoordelik vir die uitvoering van die Landgoed se **hoofaktiwiteitsareas**
- Is direk verantwoordelik vir omgewingsake, bouaktiwiteite, finansies en administrasie
- Is indirek verantwoordelik vir sekuriteit, instandhouding en tuine
- 

#### **Assistent-Landgoedbestuurder**

- Word deur die Bestuurskomitee aangestel
- Rapporteer direk aan die Landgoedbestuurder
- Is direk verantwoordelik vir sekuriteit, instandhouding en tuine
- Is direk verantwoordelik vir Monte Christo se werkers

#### **Administratiewe Assistent**

- Word deur die Bestuurskomitee aangestel
- Rapporteer direk aan die Landgoedbestuurder
- Is verantwoordelik vir kantooradministrasie en BK-sekretariële dienste
- 

#### **Grondpersoneel**

- Word deur die Landgoedbestuurder aangestel
- Is in twee spanne verdeel, nl. Instandhouding en Tuine, elkeen met 'n toesighouer
- Toesighouers rapporteer direk aan Assistent-Landgoedbestuurder

